

Ontkennende vorm

Graad 3

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Ontkennede vorm

Flippie bl. 42

Ontkennende vorm

- Dit is wanneer jy die sin negatief maak.
- Dink aan wanneer jy met iemand stry. Dan sê jy gewoonlik: “Dit is nie so nie”
- Ons gebruik die meeste van die tyd 2 keer die woord “nie” om ‘n sin in die ontkennende vorm te skryf.

Kom ons doen 'n paar voorbeelde

- Die kos smaak lekker
- Die kos smaak **nie** lekker nie.
- My boetie is baie soet.
- My boetie is **nie** baie soet **nie**.

- Dit is 'n vriendelike tannie.
- Dit is **nie** 'n vriendelike tannie **nie**.

Ontkennende vorm



- Soms is daar ‘n woord wat moet verander.
  bv. iemand – niemand
  ooit – nooit
  êrens – nêrens

- Sien iemand my hasie?
- Sien **niemand** my hasie **nie**?

- Gaan ek ooit kan tennis speel?
- Gaan ek **nooit** kan tennis speel **nie**?

- Ek kry my beertjie êrens.
- Ek kry my beertjie **nêrens** **nie.**

Skryf die volgende sinne oor in ontkennende vorm

- My huiswerk is gedoen.
- Die kinders speel in die tuin.
- Ek is nou lus vir koue koeldrank.
- Die hond jaag die kat oor die gras.
- My pappa kry sy beursie êrens in die huis.

Skryf die volgende sinne oor in ontkennende vorm

- My huiswerk is nie gedoen nie.
- Die kinders speel nie in die tuin nie.
- Ek is nie nou lus vir koue koeldrank nie.
- Die hond jaag nie die kat oor die gras nie.
- My pappa kry sy beursie nêrens in die huis nie.